**Die Here maak alles gereed vir Sy verlossing**

**Eks 2:1-25**

**28 Januarie 2024**

1. Vantevore: Situasie van die volk in Egipte was ellendig – gebore in slawerny, vasgevang onder die farao, sy volk en afgode, het in sonde geleef, op die punt om God se oordeel te ontvang – netso gelowiges. Die volk is egter uitverkore – netso gelowiges. Die volk het die beloftes van die Here – netso gelowiges.
2. Eks 2: Beskrywing van die Here se voorbereiding vir verlossing van die volk
3. Moses se geboorte (Eks 2:1-9)
    a. Moses se ouers is Amram en Jogebed, nageslag van Levi (v1, Eks 6:15-19, vgl Gen 46:11, Eks 12:40, 7:7)
    b. Moses was derde kind, na Miriam en Aäron (Eks 7:7, 2:4)
    c. Moses was mooi – die Here het spesiale doel met hom (v2, Heb 11:23, Hand 7:20)
    d. Geloofsdaad van Jogebed: plaas Moses in mandjie (v3, Heb 11:23)
    e. Dogter van farao is jammer vir Moses, Jogebed word pleegma (v4-9)
4. Moses in farao se huis (Eks 2:10-14)
    a. Moses = uit water gehaal (v10)
    b. Moses leer van sy volk deur sy ma, en van die Egiptenare in farao se huis (Hand 7:22)
    c. Op 40 jarige leeftyd, tree Moses op as "verlosser" van volk (v11-12, Hand 7:23)
    d. Moses word egter deur die volk verwerp as aanvoerder en regter (v13-14)
5. Moses vlug na Midian (Eks 2:15-22)
    a. Moses vlug na Midian, word gasvry ontvang in Reüel se huis (v15-20)
    b. Trou met Sippora, seun word gebore: Gersom = vreemdeling in vreemde land, bly 40 jaar in Midian, pas kleinvee op (v21-22, Hand 7:30, Eks 3:1)
6. Die volk roep na God (Eks 2:23-25)
    a. Die volk roep na God (v23)
    b. God hoor, dink aan Sy verbond, sien hulle en neem kennis (v24-25)
7. Betekenis van die gebeure
    a. Die Here berei Moses voor
        - Moses word OT tipe van die Here Jesus
        - Leer die Egiptenare ken – soos Jesus die duiwel ken (vgl Mat 4)
        - Moses is vreemdeling. Netso is Jesus 'n vreemdeling
        - Moses leer kleinvee oppas – Jesus is die goeie herder (Joh 10:11)
        - Moses sou die Here aan die volk bekend maak, Jesus het die Naam van die Vader kom bekend maak (Joh 17:6)
        - Moses moes doen wat die Here wou hê, so ook Jesus (Joh 17:4)
    b. Die Here maak alles gereed vir Sy verlossing
        - 4 Partye onder beheer van die Here: (1) Moses word voorberei, (2) volgende farao word gekonfronteer, (3) die volk roep om hulp, en (4) Amoriete se sondeskuld word vol (Gen 15:16)
        - Die Here maak alles gereed vir die komende verlossing – soos Jesus wat in volheid van die tyd kom (Heb 9:26b)
8. Implikasies vir ons
    a. Ons moet ook voorberei word vir ons taak
    b. Ons moet vertrou dat die Here al die dinge wat in die wêreld gebeur, sinvol gebruik in voorbereiding vir die wederkoms